



Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 29 Deel Twee

DIE KENMERKE VAN DIE WARE EN DIE VALSE KERK

Na die bespreking oor die ware kerk, fokus die NGB vir 'n oomblik op die lidmate van die kerk. Die doel is nie om 'n reglynige verhouding aan te dui nie. Dit gaan oor die aard van mense wat die Evangelie met erns bejeën.

Vervolgens, aangaande die lidmate van die kerk: Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene,

Uit wat volg gaan dit duidelik wees dat daar 'n mate van ooreenstemming is tussen die kenmerke van die ware kerk en die aard van lidmate (in die algemeen) van die ware kerk. Net om te beklemtoon, die lidmate bepaal nie die aard van die kerk nie, die leer en lewe van die plaaslike gemeente bepaal die aard van die kerk. Hierdie artikel wil met ander woorde ook iets stel oor die kenmerke van Christene. "Christen" is 'n titel wat aan mense toegeken word op grond van bepaalde eienskappe en optredes. Wat is hierdie eienskappe?

naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het

Ware Christene het 'n hegte verbintenis met die Een na wie hulle vernoem is. Daar is 'n onlosmaaklike band tussen Christus en Christene. Hierdie band is gesmeed deur die verlossing wat Jesus bewerkstellig het. Christene het Jesus Christus – nie as een van baie nie - maar as enigste Verlosser aangeneem. Daar

kan lank oor die noodsaak van 'n verlosser gepraat word, maar dit is nie hier van belang nie. Die koppeling tussen ware Christene en die aard van die ware kerk blyk duidelik uit hierdie stelling. Die ware kerk verkondig die suiwer Evangelie van genade en verlossing, en Christene eien hulself die boodskap toe.

en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig.

Vervolgens word die logiese gevolge bespreek van die besluit om Christus as Verlosser aan te neem. Christene moet die sonde ontvlug. Hierdie benadering staan in skrilte kontras met mense wat dink dat jy die duiwel se dinge moet ken om werklik te kan vasstaan in die geloof. Daar is ook diegene wat pleit vir rustige naasbestaan met die sonde. Die sonde moet geduld en akkommodeer word. In kontras hiermee is die gedagte dat Christene moet vlug van die sonde. Die woord "ontvlug" dui daarop dat die sonde immer teenwoordig is, immer besig om die Christen te volg.

Dit is nie genoeg om net die sonde te ontvlug nie. Jesus vertel van die bose gees wat terug gekom het en dit was toe erger as wat dit was. Sonde moet nie net ontvlug word nie, daar moet positief weg beweeg word. Hierdie positiewe beweging is altyd in die rigting van geregtigheid. Christene moet hul lewens van die sonde ledig en vul met geregtigheid.

Die opsomming van die Wet is waarskynlik die beste beginsel om toe te pas in die strewe 'n geregtigheid. Dit word met ander woorde duidelik dat geloof in die verlossing nie anders kan as om 'n diepe impak te laat op die lewe van die een wat verlos is nie.

Ons lewe in die tyd waar daar gepraat word van 256 skakerings van grys. In hierdie wêreld word ons weer herinner dat dit 'n menslike onderskeid is. By God is daar reg en verkeerd, swart en wit. Die skerp swaard met twee snykante sny onverbiddelek tussen reg en verkeerd. Dit is derhalwe raadsaam om nie links of regs af te wyk van die pad van geregtigheid nie.

Christene is begenadigde sondaars. Die sonde is reeds oorwin. Tog is dit 'n menslike werklikheid dat Christene in hierdie bedeling in die sondige natuur vasgevang bly. Paulus roep in Romeine 7 uit dat hy 'n ellendige mens is wat in 'n doodsbestaan vasgevang is. Dit is 'n lewe-lange stryd teen die sonde. Hierdie stryd begin telkens met die kruisiging van die eie self. Die opspraakwekkende hiervan is dat die Christen in die afsterwe van die self en hierdie lewe, telkens weer versterk en gevestig raak in die ewige lewe. Hoe meer die sondige natuur afgesterf word, hoe meer lewe die mens in God se geregtigheid. Hierdie proses sal nie in hierdie bedeling tot voleinding kom nie.

Hiermee sê ons nie dat daar nie nog groot swakheid in hulle is nie; intendeel, deur die Gees stry hulle juis al die dae van hulle lewe daarteen, terwyl hulle altyd weer hulle toevlug

neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom vergewing van hulle sondes het.

Die stryd teen die sonde is nie 'n hopelose stryd nie; al is Christene in hierdie bedeling aan hierdie sondige vlees en natuur gebonde. Die stryd is nie hopeloos nie omdat die stryd reeds gewonne is. In Christus het Christene reeds vergifnis van sonde ontvang. Die dankbare lewe van die mens wat verlos is, getuig van pogings om hierdie verlossing in hul lewens te laat deurskemer tot eer van God.

Wat die valse kerk betref:

Dit was vir die Reformatore van groot belang om seker te maak dat die hele wêreld weet dat hulle net so gekant was teen die Anabaptiste as wat die Roomse kerk teen hulle gekant was. Die geskiedenis van die Anabaptiste is 'n ongelukkige een en dit was belangrik om nie met daardie beweging vereenselwig te word nie. Daarmee saam was die Reformatore natuurlik gekant teen Rome. Teen hierdie agtergrond kyk ons dan na die definisie van valse kerke.

Daarmee saam moet dit altyd beklemtoon word dat daar geen reglynige verbintenis tussen ware Christene en die ware kerk is nie. Aan die een kant kan 'n kerk al die regte belydenisse hê, maar die mense teenwoordig is in die meerderheid ongelowig. Aan die ander kant kan 'n kerk verkeerde belydenisse hê, maar gevul wees met getroue ware Christene. Die doel met die onderskeid bly om mense aan te moedig om by die ware kerk aan te sluit. Daarmee saam moet onthou word dat skynheiliges se teenwoordigheid nie

die ware kerk se wese aantas nie. Net so waar is dit dat die teenwoordigheid van ware Christene in die valse kerk, nie die valse kerk se wese verander na ware kerk nie. Ware kerk se wese kan objektief bepaal word, dit is nie subjektief afhanklik van die lidmate se sienings, aktiwiteite en oortuigings nie.

Die ware kerk is getrou aan die Woord van God en wat dit alles leer, die valse kerk is nie getrou aan die Woord van God nie.

Ware kerk word nie van valse kerk onderskei op grond van denominasie nie, al is dit 'n betroubare aanduider van waar daardie geloofsgemeenskap staan. Dit is ook nie ter sake wat in die kerk se amptelike dokumentasie staan nie, dit gaan oor die verkondiging en die leerstellings wat in die huidige tydsgewrig verkondig word. Dit is elke plaaslike gemeente se plig om getrou aan die Woord te bly. Indien die denominasie afdwaal, is getrouheid aan die Evangelie van ewige waarde teenoor die tydsgebonde embleem of kerklike tradisie.

dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God;

Die sentrale rol van Woord en Woordverkondiging kom weer in die fokus. Die valse kerk se leerstellings relativeer die Woord van God. Dit is nie net Rome met sy klem op pouslike dekrete en tradisie wat hieraan skuldig is nie. Daar is kerke wat naas die Openbaring ander bronne van openbaring stel, daar is die Charismate wat aan die Heilige Gees merkwaardige

openbarings toedig. Daar is diegene wat nie wil aanvaar dat die volle Openbaring in die Bybel verwoord word nie. Aan al hierdie mense se pogings kleef die beskuldiging dat hulle eintlik aan hulself meer gesag toedig as aan die Woord van God.

dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie;

Dit is opvallend dat die Reformatore enige poging tot eie gesag gelykstel aan opstand teen Christus en Sy juk. Dit is eintlik logies die gevolg van pretensie. Mense wil meer hoor as wat gegee is. Hulle is nie tevrede om te hoor dat die Bybel alles openbaar wat ons vir ons saligheid nodig het nie. Hulle eie emosies, ervarings of logika dikteer vir hulle dat hulle nie net by Christus se lafenis wil berus nie.

dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke;

Die Roomse kerk, asook die Anabaptiste is hier in die visier. Rome se sewe sakramente impliseer byvoeg by die twee sakramente wat ons in die Bybel leer ken. Die Anabaptiste en Charismate vermy soms die Nagmaal, maar erger, hulle verander aan die wese van die Doop soos in die Bybel verduidelik. Hulle voeg by dinge soos ouderdom en emosionele "beking". Dit is duidelik dat dit neerkom op menslike eie-wil en verwaande goeddunke.

dit vertrou meer op mense as op Christus, en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe

en wat die valse kerk oor sy ewels, gierigheid en afgodery bestraf.

Vervolging is nie altyd ewe blatant nie. Rome het wel die Protestante vervolg. Valse kerke sal altyd onverdraagsaam wees teenoor gehoorsaamheid aan net God se Woord. Vervolging kan soms so subtiel soos emosionele manipulasie wees.

Hierdie twee kerke kan maklik uitgeken en van mekaar onderskei word.

Kerk is nie altyd "kerk" nie. Die eienskappe van die twee soorte kerke word aangedui deur die swaard van die Woord.